Tekste: Johannes 3: 16, 1983; Matteus 5: 5, 2022; Efesiërs 6: 10-20Numeri 6: 24-26, 1983.
Fokus teks: Rut 1: 6-22, 1983.
Liedere: Gesang 393: 1 en 3; Gesang 525: 1 & 3; Vonkk 79: 1-5; Gesang 314.

---

## AANKONDIGINGS:

- KOFFIE & GESELS: ‘n Ontmoeting vir die Silent Generation (1928-1945). Ons gesels oor kerkwees vir vandag. Sondag 8 Maart, 16:00, hier in die kerkgebou.
- Gelukkige verjaarsdag! Vandag 8 Maart verjaar Nicci Cronjé, Jacques Barnard en Arno Mostert. Op Dinsdag 10 Maart is dit die beurt van Shaan Anderson, Natalie Noble en Nala Kotze. Vrydag 13 Maart Johan Bornman en Saterdag 14 Maart is dit Paul & Elme Grobler. Ons wens julle alles van die beste toe.

## LIEF & LEED:

- Oom Attie is na weke in die Kloof hospitaal nou na ‘n “step down.” Dit is die Intercare Irene Stepdown. Besoektye is vanaf 11:00 tot 20:00. Ons wens hom spoedige beterskap toe.
- Elsie van Eeden is Sondag, na nog dialise, ontslaan en sal verder by die huis aansterk. Ons wens haar spoedige beterskap toe.

Tekste: Johannes 3: 16, 1983; Matteus 5: 5, 2022; Efesiërs 6: 10-20Numeri 6: 24-26, 1983.
Fokus teks: Rut 1: 6-22, 1983.
Liedere: Gesang 393: 1 en 3; Gesang 525: 1 & 3; Vonkk 79: 1-5; Gesang 314.

---

## KLOK:

Die derde Lydensweek neem ons dieper in die reis van Lydenstyd in – 'n tyd waarin die kerk tradisioneel stadiger begin loop saam met Christus op sy pad na die kruis. Waar die eerste weke ons roep tot selfondersoek en bekering, begin hierdie week ons fokus verskuif na die prys van dissipelskap en die werklikheid van Christus se lyding vir die wêreld. In die kerklike tradisie word hierdie tyd gekenmerk deur verdieping: ons luister meer aandagtig na die evangelieverhale, ons bid meer eerlik oor ons eie gebrokenheid, en ons soek doelbewus na maniere om Christus se nederige liefde na te volg. Die derde Lydensweek roep gelowiges daarom om nie net oor die kruis te dink nie, maar om ons eie lewens in die lig daarvan te sien – om stil te word voor God, om ons harte te laat vorm deur genade, en om in woord en daad nader aan die weg van Christus te leef.

Om die rede blaas ons nou drie van die sewe kerse dood.

Tekste: Johannes 3: 16, 1983; Matteus 5: 5, 2022; Efesiërs 6: 10-20Numeri 6: 24-26, 1983.
Fokus teks: Rut 1: 6-22, 1983.
Liedere: Gesang 393: 1 en 3; Gesang 525: 1 & 3; Vonkk 79: 1-5; Gesang 314.

---

## TOETREDE:

Ons staan vir 'n toetrede lied ~ Gesang 393: 1 & 3 Middelpunt van ons verlange, U bring rus in ons gemoed; die votum, seëngroet en 'n Lofgesang 525 1 & 3 ~ Here, hoe blymoedig en in dank oorvloedig maak U my die Hert.

## Gesang 393: 1 & 3 ~ Middelpunt van ons verlange, U bring rus in ons gemoed

## VOTUM:

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (Johannes 3: 16, 1983).

## SEËN:

Gelukkig en bevoorreg is mense wat goed en gaaf is teenoor ander, want God sal hulle die aarde laat erf (Matteus 5: 5, 2022).

Tekste: Johannes 3: 16, 1983; Matteus 5: 5, 2022; Efesiërs 6: 10-20Numeri 6: 24-26, 1983.
Fokus teks: Rut 1: 6-22, 1983.
Liedere: Gesang 393: 1 en 3; Gesang 525: 1 & 3; Vonkk 79: 1-5; Gesang 314.

## LOFLIED: Gesang 525 1 & 3 ~ Here, hoe blymoedig en in dank oorvloedig maak U my die Hart.

## GEBED

## INLEIDING:

Die boek Rut speel af in die tyd van die rigters, ’n periode in Israel se geskiedenis wat volgens die Ou Testament gekenmerk is deur politieke onsekerheid, plaaslike leierskap en gereelde sosiale spanning. Dit was ’n landbou-samelewing waar droogte, hongersnood en oorlog maklik gemeenskappe kon ontwrig. Teen hierdie agtergrond vertel die verhaal van ’n Israelitiese familie wat weens hongersnood uit Betlehem na Moab trek—’n buitelandse land en tradisionele vyand van Israel. Daar sterf Elimeleg en later ook sy twee seuns, sodat drie weduwees agterbly: Naomi, Orpa en Rut. Die verhaal ontvou wanneer Naomi besluit om terug te keer na Betlehem en Rut, haar Moabitiese skoondogter, kies om saam met haar te gaan. In Betlehem vind Rut deur haar lojaliteit, arbeid en geloof uiteindelik ’n nuwe tuiste by

Boas. Die verhaal eindig verrassend: hierdie Moabitiese vrou word deel van Israel se heilsgeskiedenis en uiteindelik ’n voorouer van koning Dawid.

Vir die mense van daardie tyd het die boek Rut ’n diep boodskap gedra oor God se voorsienigheid te midde van alledaagse lewe. In ’n tyd waar vreemdelinge maklik uitgesluit is, wys die verhaal dat God se genade nie deur etniese of kulturele of geslag grense beperk word nie. Dit beklemtoon Rut se lojaliteit aan Naomi en Boas se beskermende goedheid. Die verhaal herinner Israel dat God se groot verlossingsplan dikwels deur gewone mense en eenvoudige dade van getrouheid werk.

Die boek Rut vertel hoe God se groot verhaal van verlossing begin in die klein, dapper keuse van ’n vrou wat sê: “*Waar jy gaan, sal ek gaan*.”

Kom ons lees nou Rut 1: 6-22, 1983:

6Naomi het daar in Moab gehoor dat die Here sy volk in
Juda met goeie oeste geseën het. Toe het Naomi en haar

twee skoondogters klaargemaak om uit Moab na Juda toe
terug te trek.
7Sy en haar skoondogters het uit die plek waar sy gebly
het, vertrek op pad terug na Juda toe.
8Naomi sê toe vir haar twee skoondogters: “Moenie
verder saam met my gaan nie. Gaan liewer terug na julle
ouerhuise toe. Mag die Here julle beloon vir die liefde wat
julle aan my en my seuns betoon het.
9Mag die Here weer vir julle elkeen ’n man en ’n huis gee.”
Toe sy van hulle afskeid neem, het hulle in trane
uitgebars.
10Die skoondogters sê toe: “Nee, ons wil saam met u
teruggaan na u mense toe.”
11Maar Naomi antwoord: “Gaan tog terug, my dogters.
Hoekom sou julle saam met my gaan? Ek kan tog nie
meer seuns in die wêreld bring wat kan grootword om julle
mans te wees nie.
12Nee, my dogters, gaan eerder terug na julle ouerhuise
toe, want ek is te oud om weer te trou. Selfs al sou dit
moontlik wees en ek vanaand by ’n man slaap en
geboorte gee aan kinders, 13sal julle kan wag totdat hulle

groot is? Sal julle tot dan toe ongetroud kan bly? Natuurlik
nie, my dogters! Dit is vir my baie swaarder as vir julle,
want die Here het baie swaarkry oor my laat kom."
14Die skoondogters het weer begin huil. Orpa het van
haar skoonma afskeid geneem, maar Rut wou nie gaan
nie. 15"Kyk," sê Naomi vir haar, "jou skoonsuster het
teruggegaan na haar mense en na haar gode toe. Gaan
jy nou ook maar saam met haar terug."
16Maar Rut antwoord: "Moenie my probeer oorreed om
van Ma af weg te gaan nie.

Waarheen u ook al gaan,
sal ek gaan.
Waar u gaan woon,
sal ek ook woon.
Ma se mense
is ook my mense.
U God is ook my God.
17Waar u doodgaan,
sal ek ook doodgaan
en daar begrawe word.

---

Mag die Here dit so laat gebeur. Net die dood sal ons
skei.”
18Naomi het besef dat Rut vas besluit het om saam met
haar te gaan. Daarom het sy opgehou om haar te probeer
oorreed.
19Die twee het toe hulle reis voortgesit na Betlehem toe.
Toe hulle in Betlehem aankom, was daar ’n opskudding
in die dorp oor hulle aankoms. “Is dit dan nie Naomi nie?”
het die vroue gevra. 20“Moet my nie meer Naomi noem
nie,” sê sy vir hulle. “Noem my nou liewer Mara, want die
Almagtige het my lewe bitter gemaak. 21Ek het vol hier
weggegaan, maar die Here het my leeg laat terugkom.
Hoekom sal julle my nog Naomi noem as die Here teen
my gedraai het en die Almagtige soveel ellende oor my
laat kom het?”22So het Naomi uit Moab teruggekom met
haar skoondogter Rut, die jong
Moabitiese vrou, by haar. Dit was met die begin van die
garsoes dat hulle in Betlehem aangekom het.

Tekste: Johannes 3: 16, 1983; Matteus 5: 5, 2022; Efesiërs 6: 10-20Numeri 6: 24-26, 1983.
Fokus teks: Rut 1: 6-22, 1983.
Liedere: Gesang 393: 1 en 3; Gesang 525: 1 & 3; Vonkk 79: 1-5; Gesang 314.

## PREEK:

Iemand vra die ander dag vir my hoekom ek so min uit die Ou Testament preek. My eerste opmerking was: Regtig? Toe besef ek dit is waar en vandag het ek vir ons ‘n teks uit die Ou Testament gekies en boonop wil ons fokus op drie vroue, meer spesifiek drie weduwees: Naomi, Orpa en Rut

Behalwe die teks (woorde) gaan ons vanmore ook ‘n bekende skildery, die van William Blake uit 1795, nader trek (‘n prentjie) Dus woorde en ‘n prentjie om ons gedagtes te help vorm, dalk ons lewens te verander en te laat aan beweeg saam met God op sy pad.

Kyk weer mooi na die skildery, drie bekende vroue uit die Bybel.

Naomi staan effens vorentoe, haar liggaam gebuig onder die gewig van verlies. Sy het regtig alles verloor! Die meeste van als haar man (Elimeleg) en haar twee seuns (Maglon en Kiljon). Vir Naomi het die dood van haar man

en twee seuns veel meer as net persoonlike hartseer beteken.

In die samelewing van daardie tyd het ’n vrou se veiligheid, status en ekonomiese oorlewing grootliks van die mans in haar familie afgehang. Met die dood van die mans in haar lewe het Naomi haar beskerming, haar bestaansekerheid en ook die voortbestaan van haar familielyn verloor. Sy staan as ’n weduwee sonder kinders in ’n vreemde land, sosiaal kwesbaar en ekonomies onseker en daarom ervaar sy haar lewe as leeg en bitter wanneer sy na Betlehem terugkeer. Sy sê dit in soveel woorde: Noem my maar Mara (dit beteken bitter) ... Noem my maar bitter!

Agter haar staan twee jonger vroue – Orpa en Rut. Die een draai half terug. Die ander een beweeg nader en gryp Naomi vas. Dit is presies waar ons die verhaal in Rut 1 ontmoet.

Tekste: Johannes 3: 16, 1983; Matteus 5: 5, 2022; Efesiërs 6: 10-20Numeri 6: 24-26, 1983.
Fokus teks: Rut 1: 6-22, 1983.
Liedere: Gesang 393: 1 en 3; Gesang 525: 1 & 3; Vonkk 79: 1-5; Gesang 314.

---

Die Bybel vertel hoe Naomi en haar familie jare tevore uit Betlehem na Moab getrek het weens hongersnood. Maar die vreemde land het nie vir haar die lewe gebring wat sy gehoop het nie. Haar man sterf. Later sterf ook haar twee seuns. Wat oorbly, is drie weduwees, uitgelewer aan verlies en die uitdagings van hulle samelewing.

Wanneer die hongersnood in Juda eindig, hoor Naomi dat die Here weer vir sy volk brood gee. Daarom besluit sy om terug te gaan huis toe. Dit is hier waar die pad van die drie vroue bymekaar kom en ook van mekaar skei.

Naomi is die vrou van verlies. Haar naam beteken "lieflik", maar teen die einde van die hoofstuk sê sy: "Noem my nie meer Naomi nie, noem my Mara, want die Almagtige het my lewe bitter gemaak." Sy dra die pyn van 'n gebroke lewe. Sy dra die vrae wat baie mense ken: Waarom moes dit gebeur? Waarom het God dit toegelaat? Waarom het alles so anders uitgedraai as wat ek gehoop het?

Naomi se verhaal is eerlik. Sy probeer nie haar pyn wegsteek nie. Sy romantiseer nie haar situasie nie. Sy sê reguit: "Die hand van die Here het teen my gedraai."

En tog – ten spyte van haar bitterheid – begin sy die pad terug huis toe stap. Sy gee nie moed op nie. Selfs wanneer sy God nie ten volle verstaan nie, beweeg sy nog steeds in die rigting van God se volk.

Daar is baie mense wat hulself in Naomi herken. Mense wat deur verlies gegaan het. Mense wat voel die lewe het hulle leeg gelaat. Mense wat met 'n swaar hart kerk toe kom of dalk nie eers meer kerk toe kom nie.

Naomi herinner ons: geloof beteken nie dat jy nooit bitterheid voel nie. Soms beteken geloof net dat jy nog steeds huis toe stap.

Maar langs Naomi staan Orpa. Orpa is 'n karakter wat ons maklik miskyk. Sy word net vir 'n paar verse genoem. Tog is haar rol belangrik. Wanneer Naomi vir haar

skoondogters sê hulle moet teruggaan na hulle eie volk, huil albei. Albei protesteer. Albei wil saamgaan. Maar uiteindelik kies Orpa om terug te draai, weg van Naomi af.

Dit beteken nie sy is ’n slegte mens nie. Inteendeel, die teks wys dat sy vir Naomi lief was. Sy huil. Sy soen Naomi totsiens. Sy het waarskynlik gedoen wat die meeste mense sou doen: sy kies veiligheid, familie en bekendheid. Sy kies haar toekoms. Die pad saam met Naomi sou onseker wees. Dit sou beteken om ’n vreemdeling in ’n ander land te wees. Dit sou beteken om alles agter te laat. Orpa kies die pad terug, die pad van die verlede.

En soms lyk ons geloofslewe ook so. Daar is oomblikke waar ons tot by die kruispad stap. Ons voel die roep van God. Ons weet daar is ’n pad van groter vertroue. Maar dan draai ons om. Nie uit kwaadwilligheid nie, maar uit vrees. Uit gemak. Uit die behoefte aan sekerheid. Orpa

herinner ons hoe maklik dit is om tot by die rand van geloof te kom en tog terug te draai.

En dan is daar Rut. In Blake se skildery is sy die een wat vorentoe leun. Haar liggaam beweeg na Naomi. Haar besluit is reeds geneem. Wanneer Naomi haar ook probeer wegstuur, antwoord Rut met een van die mees aangrypende woorde in die Ou Testament: "Moenie my dwing om jou te verlaat nie. Waar jy gaan, sal ek gaan. Waar jy bly, sal ek bly. Jou volk is my volk. Jou God is my God."

Rut kies nie die maklike pad nie. Sy kies die pad van trou. Die pad van verbondenheid. Die pad van geloof.

Wat hierdie besluit nog merkwaardiger maak, is dat Rut 'n Moabitiese vrou is. Sy behoort nie oorspronklik aan Israel, die volk van God, nie. Sy het geen waarborg dat sy daar aanvaar sal word nie. Sy weet nie wat op haar wag nie. Maar sy kies om saam te gaan.

Rut se geloof begin nie in sekerheid nie. Dit begin in lojaliteit. In 'n besluit om by iemand te bly. Dit is waarom hierdie verhaal so kragtig is. Want God se groot verlossingsplan begin hier met 'n eenvoudige besluit op 'n stofpad tussen Moab en Betlehem.

Wanneer Naomi en Rut uiteindelik Betlehem bereik, sê die vroue van die dorp: "Is dit Naomi?" Die stad is verbaas. Die lewe het haar verander. Maar die leser van die verhaal weet iets wat Naomi nog nie weet nie: God is reeds besig om 'n nuwe storie te begin. Rut sal uiteindelik met Boas trou. En uit hierdie familie sal koning Dawid gebore word. En uit Dawid se lyn sal Jesus kom.

Die pad wat met trane begin, word deel van God se verlossingsgeskiedenis. En hier lê die vraag vir ons vandag. As ons na Blake se skildery kyk – drie vroue op 'n pad – wonder 'n mens: Wie is ek in hierdie verhaal?

Soms is ons Naomi. Mense wat deur verlies gegaan het. Mense wat voel hulle kom leeg terug na die plek van

geloof. As dit jy is, hoor die boodskap van hierdie verhaal: God het jou nie vergeet nie. Selfs wanneer jou storie bitter voel, kan God nog ’n nuwe hoofstuk skryf.

Soms is ons Orpa. Ons staan by die kruispad van geloof, maar ons draai terug na die bekende. Die uitnodiging van hierdie verhaal is om weer te vra: waar roep God my om verder te gaan as my gemak?

En soms roep God ons om soos Rut te wees, mense wat kies om by ander te bly. Mense wat lojaliteit en liefde bo gemak kies. Mense wat sê: “Jou pad is my pad.”

In ons eie tyd sien ons hierdie keuses elke dag:

- Wanneer iemand by ’n vriend bly wat deur ’n moeilike tyd gaan, soos Rut by Naomi gebly het.
- Wanneer iemand besluit om nie weg te stap van ’n gebroke gemeenskap nie, maar te help bou.
- Wanneer ’n gemeente kies om nie net na sy eie belange te kyk nie, maar na die nood van ander.

Daarom is die vraag waarmee ons vandag huis toe gaan nie net: Wie is ek in die verhaal nie? Maar ook: Wie roep God my om te word? Want êrens op die pad tussen Moab en Betlehem staan ons almal ook by ’n besluit. En dalk fluister die verhaal van Rut vandag vir ons: Moenie net tot by die kruispad van geloof stap nie ... Stap saam.
Amen.

## OUDERLING:

Genadeverkondiging: Broers en susters, ons is dankbaar dat ons in die prediking weer kon hoor dat God genadig is. Van hierdie genade lees ons in Psalm 103 waar daar staan: "Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde" Sulke genade en liefde roep 'n mens tot geloof op. Kom ons bely ons geloof, terwyl ons net so bly sit:

### Geloofsbelydenis:

Ek glo in God die Vader - die Almagtige Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus - Sy eniggebore Seun - ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees - gebore is uit die maagd Maria - wat gely het onder Pontius Pilatus - gekruisig is - gesterwe en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel - en sit aan die regterhand van God - die almagtige Vader - van waar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.

AMEN.

## Wet:

Partykeer maak die aanslae van die bose ‘n gelowige mens moedeloos. Ook ons raak soms moedeloos. In Efesiërs 6 leer ons egter hoe om ook hierdie aanslae teen

te werk as die wapenrusting van die gelowige vir ons beskryf word.

Luister aandagtig hoe die Here vir ons in Efesiërs 6: 10-20 leer om dit te kan doen:

### Efesiërs 6: 10-20

10 Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot
mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee,
sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae
van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie,
maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers
oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.
13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle
gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil
en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog
op julle pos kan bly staan.

14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as
gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as
borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van
vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16 Daarby
moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want
daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan

afweer. 17 Sit verlossing as helm op en vat die swaard van
die Gees, dit is die woord van God.
18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke
geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid
gedurig vir al die gelowiges. 19 Bid ook vir my dat wanneer
ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis
van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak.
20 Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie.
Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit
my opgelê is.

## PREDIKANT:

## WEGSENDING: Staan: VONKK 79: 1-5

## SEËN: Staan

Die Here sal ons seën en ons beskerm; die Here sal tot ons redding verskyn en ons genadig wees; die Here sal ons gebede verhoor en aan ons vrede gee (Ääronitiese seën, Numeri 6: 24-26, 1983). Amen

## WEGSENDING: Staan: Gesang 314